Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

24 Januarie 2021

In die lig van die COVID-19 regulasies het ons nie tans eredienste nie en sal ‘n vooraf opgeneemde Woordverkondiging elke Sondag op YouTube en Facebook beskikbaar gestel word.

WOORDVERKONDIGING: Ds. Piet

Tema: God is die enigste ware Lewensafrigter! Laat Hy jou lewenspad vir jou bekend maak, jou lei en jou leer!

Teks: Psalm 25

Lewensafrigting (“life coaching”) is ‘n beroep wat deesdae baie gewild en in aanvraag is. Baie mense maak van sulke Lewensafrigters gebruik om hulle te help om sin te maak van hul lewe en hulle deur moeilike keuses en tye te begelei.

Ons het die afgelope twee Sondae gefokus op ons lewe saam met God. Ons het geleer van Henog wat elke dag saam met God geloop het en hoe God hom in ‘n donker tyd gelei het. Verlede Sondag het ons uit Jesaja 28 gehoor dat ons God kan vertrou met ons lewe want Hy weet presies wat Hy doen. Dat donker tye deel uitmaak van God se plan met ons lewe en dat Hy ons daardeur lei!

God is dus die ware Lewensafrigter en ek moet my deur Hom laat lei! Dit is wat Psalm 25 ons kom leer! Die psalmdigter spreek sy absolute vertroue op die Here uit - God alleen is die ware Lewensafrigter. Maar die digter openbaar ook die gesindheid van ‘n ware dissipel - iemand wat hom wil laat leer!

Kyk hoeveel keer gebruik hy die woorde “maak aan my bekend” / “leer my” / “lei my” / “dink aan my”! Is God ook jou Lewensafrigter? Sit jy ook soos ‘n leergierige dissipel (‘n leerling) aan sy voete sodat Hy alleen jou vir die lewe kan afrig? “n Lewe van liefde en getrouheid soos Hy dit wil hê?

MEELEWING

- Hans Leienaar (Groep 25 - 082 667 5482) se broer is oorlede en ons bid hom en sy familie die troos van die Here toe.
- Joe Coetzee (Groep 1 - 083 647 5250) se gesondheid verswak vinnig en sy versorging tuis word nou ‘n groot uitdaging. Ons bid vir hom en Charlotte krag en troos toe.
- Douw Kruger (Rosetuin - groep 1 - 082 409 1030) het herstel van longontsteking,

maar moet nou daagliks suurstof kry wat sy en Lien se beweging baie imperk.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Magdaleen Venter, Lana Labuschagne, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Joe Coetzee en Annatjie Duvenage.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke kontak ds Piet of u ouderling om die nodige reëlings te tref.

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag
09:30 Woordverkondiging op internet

Maandag
17:15 Finans: Tel
17:30 Diakonie: Dagbestuur

Dinsdag
17:00 Eiendomme Dg

Woensdag
19:00 Jeug Dg

Donderdag
18:00 Naskoolse Jeug: Afskop
19:00 Kategete: Toerusting

BESLUITE VAN DIE OUDERLINGE OOR DIE GEMEENTELIKE BEDIENING ONDER VLAK 3 REGULASIES

1. Woordbediening op Sondae

Die predikant en hulpdienspredikant lewer een voorafopgeneemde Woordbediening op ’n Sondag via YouTube en Facebook. Hierdie eredienste word ook via WhattsApp aan ander lidmate gestuur wat nie toegang tot die internet het nie. Na gelang van die ontwikkeling oor die tydsduur van die huidige situasie sal inrydienste ook weer aangebied word.

2. Katkisasie

Ouers haal die nuwe Katkisasie Handleidings by die Kerkkantoor af en doen self die kategese tuis aan die hand van die program op die Kalender. Ten spyte van die feit dat die skole eers 15 Februarie open, begin ons amptelike lesprogram op 7 Februarie met Les 1. Weekskatkisasie (gr 8 – 11) sal in aanvang neem volgens die COVID-19 voorgeskrewe reëls sodra die skole op 15 Februarie begin.

Kategete moet goeie kontak hou met katkisante en ouers en kan deur middel van WhatsApp of Zoom die vordering van werk monitor en hulp verleen.

3. Kwartaaltema en bediening: Tema: Ontmasker/ “Reboot” / Reformeer

Die kwartaaltema sal middel Februarie afskop met ’n Fokusboekie wat gedruk word en vir lidmate beskikbaar gestel word wat nie elektroniese toegang het nie. Ander lidmate ontvang die fokusboekie elektronies en op ’n gegewe datum begin die hele gemeente saam werk aan die Woordbediening.

Lidmate doen elke dag tuis huisgodsdiens aan die hand van die boekie en die daaropvolgende Sondag word die tema saamgevat in die prediking. Daar sal ook weekliks ’n Zoomgesprek plaasvind waarby lidmate kan inskakel om dieper in die tema ingelei te word en waar kleingroepleiers ook gehelp kan word met die bediening in kleingroepe (wat dalk per Zoom of fisies wil vergader).

4. Pastorale werk

Die predikante en ouderlinge doen slegs pastorale werk in noodgevalle en moet veral versigtig optree met besoeke by die mees

kwesbaarste lidmate. Ouderlinge moet baie moeite doen om gereelde kontak met lidmate in hulle groepe te hou en die predikante en diakonie op hoogte te hou met lidmate wat in nood is of hulp van een of ander aard benodig.

5. Diakonale en ander dienswerk

Die Diakonie en ander diensgroepe sit hulle werksaamhede voort soos per die 2021 Kalender se beplanning en elke diensgroep besluit op watter wyse hulle wil vergader (fisies of aanlyn). Predikante moet op gereelde basis lidmate herinner om hulle Liefdegawes vir Barmhartigheid elektronies aan die Diakonie te gee.

6. 2021 Kalender

Die kalender word in die Kerkkantoor gedruk met ’n beperkte oplaag en lidmate kan die kalender fisies kom afhaal of hulle kan dit elektronies ontvang om self tuis uit te druk.

7. Gholfdag

Die Projekte Diensgroep se Gholfdagkomitee het vergader om die haalbaarheid van die jaarlikse Gholfdag in Februarie in die lig van die omstandighede bespreek. Hulle beveel aan dat die Gholfdag uitgestel word tot later vanjaar wanneer omstandighede gunstiger is.

8. WhatsApp-kommunikasie

Die Admin Diensgroep beveel aan dat die gemeente voortgaan om gebruik te maak van WhatsApp vir gemeentelike kommunikasie.

9. Begrotingsopname en POPIA wetgewing

Ouderlinge sal van die begin van Februarie die Dankofferopname by lidmate begin doen. Die Dankoffervorm moet teen die einde van Februarie aan die ouderling terugbesorg word.

Om aan die POPIA wetgewing te voldoen sal daar vanjaar ook by die Dankoffervorm ‘n vorm aangeheg wees wat alle volwasse lidmate moet teken om toestemming te gee dat persoonlike inligting (soos in die Kenelkander) gepubliseer mag word. Lidmate kan natuurlik ook aandui dat hulle nie hulle inligting so gepubliseer wil hê nie.

10. Virtuele Woordverkondiging

Die Ouderlinge het ‘n kommissie aangewys om die Bybelse beginsels van ‘n erediens te formuleer, sodat die kerkraad aan die hand daarvan die aard en liturgiese inkleding van die virtuele Woordverkondigingsgeleenthede kan bepaal.

NASKOOLSE JEUG: AFSKOP

Ons nooi al ons Naskoolse jeug om saam met ons te kom kuier, 28 Januarie, vanaf 18:00 by die Skuur. RSVP asb by Erasmus (076 090 4459), voor of op 26 Januarie.

AFHAAL VAN KATKISASIE HANDLEIDINGS EN KALENDERS KERKLIKE TYDSKRIFTE EN ALMANAKKE

Daar sal vandag tussen 10:30 en 12:00 iemand by Die Skuur op diens wees vir lidmate wat dalk nie in die week die Handleidings tydens kantoorure kan kom haal nie. Lidmate kan ook vandag in hierdie tydsgleuf Kalenders, Kerklike Tydskrifte en 2021 GKSA Almanakke kom haal.

VOORSTEL VIR GEWYSIGDE ONDERWYSKWARTALE

Daar is weer ‘n nuwe **voorstel vir gewysigde onderwyskwartale** – dit is deurgegee nadat ons kalender gefinaliseer is.

Die nuwe voorstel vir kwartale lyk as volg:

Eerste kwartaal: 15 Feb – 23 April
Tweede kwartaal: 3 Mei – 9 Julie
Derde kwartaal: 26 Jul – 1 Okt
Vierde kwartaal: 11 Okt – 15 Des

Sodra daar ‘n finale wysiging is sal ons die nuwe kalender, waar nodig, daarvolgens aanpas en elektronies beskikbaar stel.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 24 Januarie
Sr Hester Lombard 084 582 9422
Sr Joey Lubbe **(76)** 083 232 9376
Jsr Larnè v As

Maandag, 25 Januarie
Br Gerald Lake 081 705 9276
Jbr Ryno Schutte 064 883 6491

Dinsdag, 26 Januarie
Jsr Lula Botha
Jbr Christian Turkstra
Br Isak vd Walt **(92)** 082 703 1874

Woensdag, 27 Januarie
Jbr Roelf de Bruyn
Sr Marthie vd Walt **(78)** 072 153 5119
Sr Mia v Jaarveld 081 212 4411

Donderdag, 28 Januarie
Br Louis Botha 082 395 3744

Vrydag, 29 Januarie
Br Gideon Coetzee 082 927 0936
Jsr Minè Kloppers
Br Frikkie Smith **(76)** 082 765 9813

Saterdag, 30 Januarie
Sr Estia Joubert 072 182 8866
Sr Ina Potgieter **(80)** 083 987 0648
Sr Ihantè Rheeder 074 432 5599

BYBELLEESPROJEK – INISIATIEF VAN DIE NASKOOLSE JONGMENSE

Wat ’n leesweek! Al die gebeure wat ons teëgekom het in ons leesplan en ons is nou eers klaar met die eerste week! Alles... van ’n onbewoonbare wêreld tot ’n toring wat gebou word om die hemel te bereik. Die sondeval, die sondvloed, die verbond met Abraham. Van oorlog tot die offer van ’n kind. So gaan ongeveer 2000 jaar in ’n oogwink verby. In die week wat kom lees ons van onder andere van ’n lekker lensiesop, onmin onder broers, drome, visioene, ’n broodbakker en soveel meer. Volg hierdie week saam met:

Maandag - Genesis 26:1 – 29:30
Dinsdag - Genesis 29:31 – 31:55
Woensdag - Genesis 32:1 – 35:15
Donderdag - Genesis 35:16 – 38:30
Vrydag - Genesis 39:1 – 41:57
Saterdag - Genesis 42:1 – 43:34
Sondag - Genesis 44:1 – 47:12

As jy nog nie begin lees het nie en steeds saam ons dit wil doen, is jy welkom. Het jy ’n vraag of ’n voorstel? Moenie skaam wees nie, kontak Erasmus by 076 090 4459.

ALGEMENE INLIGTING:

KENNISGEWINGBORD

- Tweeslaapkamer-tuinwoonstel te huur.

WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en polistireen - *hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees EN PLASTIEKBOTTELS MOET ASB PLAT GETRAP WORD*. **ASB GEEN huisafval nie!** Die glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel** wees.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoontoepassing)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KOLLEKTES VIR KERKVERBAND

Al die gemeentes in die kerkverband dra ook kollektes af vir besondere behoeftes in die kerke. Vandag se kollektes is vir **ons eie Diakonie.**

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

WhatsApp: GK Potch-Oos nommer:
067 713 2332
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers

Videos van elke erediens kan hier gesien word:
Facebookblad: Gereformeerde Kerk Potch-Oos, vir videos van preke by http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Ds. Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hom indien jy dit wil ontvang.

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS, KANTOOR EN KOSTER

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt - 082 851 3637
Erasmus Venter - 076 090 4459
Kerkkantoor: Adele - 018 290 7690 /
082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl - 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010

SUSTERS IN DIE GELOOF

HOOP IN 'N WÊRELD WAT MET HOPELOOSHEID GEVUL IS.

1 PETRUS 1: 3-4 "...NOU HET ONS 'N LEWENDE HOOP....."

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

Blikkies-Warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

Baie dankie aan ons borg van die week!

Turkstra
BAKKERY
Adres: Sol Plaatjiestr. 7
Potchefstroom
Tel: 018 294 4271
E-pos: turkstrabakery@mweb.co.za
Ons bak met passie / We bake with passion